UNAM

UNIVERSITY OF NAMIBIA

| | |
|---|---|
| **FACULTY** | **FACULTY OF EDUCATION AND HUMAN SCIENCES** |
| **SCHOOL** | **SCHOOL OF EDUCATION** |
| **DEPARTMENT** | **DEPARTMENT OF INTERMEDIATE AND VOCATIONAL EDUCATION** |
| **SUBJECT** | **AFRIKAANS LANGUAGE EDUCATION 3** |
| **SUBJECT CODE** | **LAU3780** |
| **DATE** | **NOVEMBER 2025** |
| **DURATION** | **3 HOURS** — **MARKS** 100 |

## SECOND OPPORTUNITY

**Examiner: Ms Nicolette Steyn**
**Moderator: Dr Jessica Jansen**

**INSTRUCTIONS**

**This paper consists of 7 pages, including the cover page.**

1. **Answer all the questions in your answer book.**
2. **Number as in the question paper.**
3. **Write neatly and legibly.**
4. **Follow instructions to earn the allocated marks.**

**UNIVERSITY OF NAMIBIA EXAMINATIONS**

**VRAAG 1 (LEESVAARDIGHEID)**

**1.1.** Noem en bespreek die **drie fases** van die **leesproses.** (9)

**1.2.** Verduidelik breedvoerig wat verstaan u onder **vluglees, soeklees en verkenningslees.** (6)

**1.3.** Lees die teks **"Maak Afrika-brulpaddas goeie troeteldiere?" in Bylaag A.** U gebruik hierdie teks in een van u lesaanbiedinge vir u **Graad 7 Eerstetaalklas.** U moet 'n **stilleesles** aanbied waarin u **vluglees, soeklees en verkenningslees** gebruik.

**1.3.1.** Skryf die **spesifieke vaardigheid** neer wat getoets word. (1)

**1.3.2.** Hoe sal u die **inhoudsverwysingsraamwerk/agtergrondkennis** van die leerder aktiveer om hom/haar te help om hierdie teks te **verstaan?** (2)

**1.3.3.** Verduidelik hoe u **vluglees en soeklees** in hierdie les gaan doen. Dui ook aan in **watter fase van die lesaanbieding** u dit gaan gebruik. (4)

**1.3.4.** U gaan u leerders help om **opsommingsvaardighede** te ontwikkel. In **watter fase** van die les sal u dit doen? Skryf die **opdrag** wat u vir u leerders gaan gee, neer en skryf ook die **memorandum.** (4)

**1.3.5.** Stel die volgende **vyf Blooms-vrae** uit Bylaag A op om verkenningslees te toets:

1 vlak een vraag (kennisvlak)

1 vlak twee vraag (begrip van feitekennis)

3 vlak drie vrae (toepassingsvlak, analisevlak, sintesevlak/evalueringsvlak)

Dui telkens aan **watter vraag is watter vlak.** By vlak 3 moet jy verder spesifiseer, bv. "toepassingsvlak". (5)

**[31]**

1.4. Lees die **gedig "'n Brulpadda in my tas" in Bylaag B.** U gebruik hierdie gedig in een van u lesaanbiedinge vir u **Graad 6 Tweedetaalklas.** U moet 'n **hardopleesles** aanbied waarin u hierdie gedig gebruik.

1.4.1. **Bespreek 5 tegnieke** wat u aan u leerders gaan onderrig en demonstreer om **goed hardop** te kan lees. **(5)**

1.4.2. Skryf **stapsgewys** neer wat u in die **Wek-en-rig-fase** gaan doen. **(3)**

1.4.3. Aanbieding: Skryf die **stappe** neer om die **hardopleestegnieke sinvol te onderrig** aan die hand van die gedigkonteks in Bylaag B. Dui ook aan hoe u **begeleide lees/saamlees** en **groeplees/paarlees** effektief gaan gebruik. **(6)**

1.4.4. Skryf neer wat u in die Konsolideringsfase gaan doen om **vas te stel** of leerders weet hoe om die **gedig hardop voor te lees.** **(3)**

1.4.5. Watter **evalueringsopdrag** is gepas vir hierdie les? **(2)**

**[19]**

**[50]**

**VRAAG 2 (SKRYFVAARDIGHEID)**

**2.1.** Noem en bespreek die **drie fases** van die **skryfproses**. **(9)**

**2.2.** Bespreek die volgende **eienskappe** van 'n goedgeskrewe paragraaf: **(6)**

**2.2.1.** Beginparagraaf (inleiding)

**2.2.2.** Slotparagraaf

**2.2.3.** Ordening

**2.3.** Onderskei tussen **feite** en **menings**. **(2)**

**2.4.** Onderskei tussen **gerigte skryfwerk** en **kreatiewe skryfwerk**. Verskaf ook **voorbeelde** om jou antwoord te steun. **(6)**

**2.5.** **Verduidelik** in jou eie woorde watter **voordele** hou dit vir leerders se toekoms in om die volgende **tipes gerigte skryfwerk** te kan skryf: **e-posboodskappe, aanwysings/instruksies, advertensies, vorms/vraelyste en formele briewe.** **(5)**

**2.6.** Verduidelik breedvoerig wat elkeen van die volgende deurlopende skryfstukke behels deur ook kenmerke van hierdie skryfstukke te bespreek: **(9)**

**2.6.1.** Beskrywende opstel

**2.6.2.** Feite-opstel (Verklarende)

**2.6.3.** Beredenerende opstel

**2.7.** Kies nou een van die opstelle in 2.6 en voer die volgende opdragte uit:

**2.7.1.** Noem **watter opstel** jy kies. **(1)**

**2.7.2.** **Formuleer 'n onderwerp** wat jy vir die leerlinge sal gee wat hierdie opstel moet skryf. Dui ook aan vir **watter graad en taalvlak** die onderwerp/opdrag is. **(2)**

**2.7.3.** **Beskryf breedvoerig** wat jy alles in die **inleiding/wek-en-rig-fase** sal doen sodat die leerlinge die onderwerp beter verstaan. **(5)**

**2.8.** Pas die definisies in kolom A by die gedigte in kolom B. Skryf slegs die **nommer (1-6)** uit kolom **A** neer met die **bypassende woord** uit kolom **B**. **(5)**

| **KOLOM A:** | **KOLOM B:** |
|---|---|
| **1. Dis 'n kort gedig wat uit drie reëls en sewentien lettergrepe bestaan.** | **limeriek** |
| **2. Die gedig word saamgestel uit vyf rymlose versreëls (titel,beskrywing, aksie, gevoel, sinoniem vir titel)** | **kenning** |
| **3. 'n Gedig van vyf reels wat handel oor 'n persoon wat in versreël 1 genoem word. Die eerste twee versreëls rym; daarna volg twee korter rymende versreëls en die laaste reël rym weer met versreël 1 en 2.** | **haikoe** |
| **4. 'n Eenvoudige gedig wat uit 'n lysie beskrywende woorde bestaan.** | **cinquain** |
| **6. 'n Gedig of reël wat baie moeilik is om hardop te lees.** | **kwatryn** |
| | **tongknoper** |

**[50]**

**[TOTAAL: 100]**

**BYLAAG A (VRAAG 1)**

# Maak Afrika-brulpaddas goeie troeteldiere?

1. Afrika-brulpaddas is een van die grootste spesies paddas. Mannetjies van die spesie kan meer as 9 duim lank word en meer as 3 pond weeg! Mens kan maklik die fassinasie met hierdie groot amfibieë verstaan. Maak hulle egter goeie troeteldiere?
2. Die antwoord is 'n bietjie ingewikkeld. Hulle is relatief maklik om te versorg en is interessante wesens om waar te neem. Hulle haat dit egter om deur mense hanteer te word. Dit kan gevaarlik wees vir beide jou en die padda as jy hulle te gereeld hanteer.
3. As jy nie 'n praktiese troeteldier soek nie en dit geniet om amfibiegedrag waar te neem, dan is 'n Afrika-brulpadda dalk 'n goeie troeteldier vir jou.
4. Die Afrika-brulpadda staan ook bekend as die Pixie-padda. Hulle is een van die drie grootste paddaspesies op die planeet. Die mannetjie kan 9 duim bereik, terwyl wyfies gewoonlik net 4 duim bereik. In die natuur kom hulle regoor Afrika voor.
5. Hulle is karnivore wat enigiets sal eet wat beweeg, insluitend hul eie kleintjies. Hul dieet sluit insekte, knaagdiere, reptiele, voëls, visse en ander paddas in. Hulle het skerp tande en sterk kake.
6. Die brulpaddamannetjie is bekend vir sy ongelooflike harde gekwaak roep. As jy al ooit naby 'n moeras was waar 'n brulpadda woon, is jy waarskynlik vertroud met die weergalmende gebrul van hul roep. Die Afrika-brulpadda maak dieselfde soort geluide as baie ander brulpaddas.
7. Hulle bring die grootste deel van hul lewe in die natuur deur en broei in die grond tussen lae van hul eie voorheen afgestorte vel. Hulle kom gewoonlik net gedurende die reënseisoen uit hul ondergrondse heiligdomme te voorskyn. Dit is wanneer teling ook plaasvind.
8. Hulle hou nie daarvan om hanteer te word nie, en dit kan selfs hul delikate vel beskadig. Hulle is nie van nature aggressief nie, maar hulle het die vermoë om hulself te beskerm as hulle bedreig voel.
9. As jy 'n Afrika-brulpadda as troeteldier het, moet jy hul ruimte en behoefte aan eensaamheid respekteer. As hulle rus, grawe of wegkruip, moet jy hulle nooit steur nie, want dit kan skadelik vir hul gesondheid wees.
10. Wanneer dit behoorlik versorg word, kan Afrika-brulpaddas vir meer as 30 jaar in aanhouding lewe. As jy van plan is om een as 'n troeteldier te hê, moet jy bereid wees om vir 'n lang tyd vir hulle te sorg!

**[Bron: Aangepas en verwerk uit *Petlovers-guides.com*, 2025]**

**BYLAAG B (VRAAG 1)**

## 'n Brulpadda in my tas

***Deur Jaco Jacobs***

1. Almal gil en skree,
2. daar's chaos in die klas;
3. al die bohaai net oor
4. die brulpadda in my tas.
5. Juffrou gil benoud:
6. VAT DADELIK WEG DAAI DING!
7. Waarom? Sy't dan gesê ons kan vandag
8. ons troeteldiere skool toe bring!
9. Die boelie bring in sy tas 'n slang
10. – daarmee maak hy ons almal BANG!

**[Uit: *'n Brulpadda in my tas*, LAPA, 2008]**